

FRANS ADAMS

en

DIE STAAT

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPeLAFDELING)

In die saak tussen:

FRANS ADAMS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: TRENGOVE, HOEXTER et HEFER ARR

VERHOOR: 15 November 1985

GELEWER: 26 November 1985

UITSPRAAK

HOEXTER, AR

HOEXTER, AR ,

In die Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Afdeling het die appellant, 'n 27-jarige manspersoon, op 'n aanklag van moord tereggestaan. Hy het onskuldig gepleit en na afloop van die staatsaak het hy self getuig en ene Cupido as verdedigingsgetuie opgeroep. Die verhoorhof (LATEGAN R bygestaan deur twee assessore)' het die appellant skuldig bevind aan moord sonder versagtende omstandighede. Met verlof van die verhoorregter kom die appellant in hoër beroep alleen teen die bevinding van die Hof a quo dat daar geen versagtende omstandighede was nie, en die daaropvolgende doodvonnis. Die verhoor het in twee fases geskied. Die

eerste fase het betrekking gehad op die vraag of die
misdaad

moord bewys is. Die tweede fase het 'n ondersoek behels
na

die bestaan van moontlike versagtende omstandighede. By
die tweede fase het die appellant weer eens getuig.

Uit die aangevoerde getuienis blyk dat vroeg

in

in die aand van 21 Maart 1983, en te Steenberg, distrik Wynberg, die oorledene, 'n 37-jarige manspersoon, beswyk het aan 'n steekwond aan sy bors wat sowel sy hart as sy lewer binnegedring het. Die staatsaak is dat die appellant

die oorledene se aanvaller was en dat hy die noodlottige wond

met 'n dolk toegedien het. Die appellant was lid van 'n bende wat as "die Scorpions" bekend gestaan het.

Gedurende

die dag van 21 Maart 1983 het die appellant en vier ander

lede van gemelde bende (waaronder die reedsgenoemde Cupido

en ene Frank Nagel) saam 'n groot hoeveelheid wyn gedrink.

Omstreeks 8 uur nm het die vyf bendelede op straat rondge-

swerwe toe hul die oorledene raakgeloop het. Nagel, wat

as staatsgetuie opgeroep is, het die volgende relaas aan
die verhoorhof gegee van wat die oorledene daarna

oorgekom

het. Die appellant, wat in die optog vooraan gestap het,

het by die oorledene 'n sigaret gevra waarop die

oorledene

gesê het dat hy nie rook nie. Die appellant gryp toe die

oorledene

oorledene aan sy baadjie, pluk 'n dolk uit, en steek die

oorledene daarmee in die bors. Met sy hand oor sy bors het die oorledene weggehardloop terwyl die appellant en sy

makkers in die teenoorgestelde rigting op die vlug geslaan

het. Nagel was die enigste ooggetuie van die aanval waarop

die Staat gestéun het, maar die staatsgetuie Cecilia Pearson

het net betyds op die toneel van misdaad afgekom om te sien

hoedat die oorledene in een rigting hardloop terwyl die appellant en sy kornuite in die teenoorgestelde rigting spat.

Pearson het verder getuig dat die appellant later dieselfde

aand 'n dolk wat hy in sy hand gedra het aan haar

bewaring

toevertrou het.

Die appellant het erken dat hy in die loop
van

die betrokke aand iemand lig beseer het deur hom met 'n
stukkende bottelnek in die rug te steek, maar hy het

ontken

dat hy ooit die oorledene 'n steekwond toegedien het.

Nagel

en

5.

en Pearson het die verhoorhof as geloofwaardige en betrou-

bare getuies beïndruk. Daarteenoor was die appellant in die getuiebank strykdeur n ontwykende en onbevredigende getuie. Heel tereg het die verhoorhof die appellant se ontkenning dat hy die noodlottige steekwond toegedien het as

vals verwerp. Ook is daar geen fout te vind met die verhoorhof se verdere bevinding dat aan die hand van die bewese feite daar geen sprake kon wees van enige voorafgaande

provokasie aan die kant van die oorledene nie. In hierdie

verband het die geleerde Regter opgemerk:-

"Die man het, toe hy vir die sigaret gevra is,
slegs gesê dat hy nie rook nie. Hy was reeds in die proses om weg te loop toe die beskuldigde hom gryp en terugruk en omdraai

In hierdie stadium is dit nodig om stil te staan by die teenstrydige getuienis wat in die eerste fase van die verhoor

aangevoer is in verband met die uitwerking op die

appellant

van die drank wat hy gedurende daardie dag gedrink het.

Volgens

Volgens Nagel het die vyf bendelede vanaf tussen 9 en 10
uur

voormiddag tot omstreeks 5 uur namiddag twee 5-liter
kanne

Virginia-wyn gelykop gedeel en saam uitgedrink. Nagel sê
dat die hele groep, die appellant inkluis, dronk was. Die
staatsgetuie Pearson het dit onomwonde gestel dat al vyf
van

hulle dronk was toe sy hul onmiddellik na die voorval
gesien het; sy het getuig dat hulle "val-val" geloop het.
In teenstelling hiermee het die appellant aan die
verhoorhof

vertel dat hulle binne die bestek van twee ure (tussen 2
uur

en 4 uur namiddag) 2 /2 5-liter kanne wyn verorber het
maar

dat hy self die wyn geskink het en dat hy deurentyd
gesorg

het dat hy slegs die helfte soveel as elkeen van sy

makers

gedrink het. Hierby aansluitend het die appellant getuig dat hy nie erg dronk was nie; dat hy presies kon onthou wat hy alles aangevang het; en dat 'n mens nie aan sy voorkoms

sou gesien het dat hy dronk was nie. In sy uitspraak waarin

hy oorweeg het of die misdad moord bewys is, het die

Verhoorhof

Verhoorhof daarop gewys dat volgens die appellant se eie getuienis -

"... hy nie so erg onder die invloed van drank was dat hy nie geweet het presies wat hy doen nie.."

Voorts het die Verhoorhof die volgende bevinding gemaak:-

"Alhoewel ons dus aanvaar dat die beskuldigde onder die invloed van drank was, bevind ons ook dat hy inderdaad slegs tot dié mate onder die invloed van drank was dat hy nog beheer oor al sy fakulteite gehad het en ook trouens presies geweet het wat hy doen ..."

Oor die aangeleentheid van hoeveel hy gedrink het en watter uitwerking dit op hom gehad het, het die appellant toe hy na skuldigbevinding ter versagting getuig het, opvallend van sy vorige getuienis afgewyk. By laasgenoemde geleentheid het hy aan die Verhoorhof vertel dat die vyf bendelede ewe veel gedrink het; dat hul algar "baie onder die invloed van drank" was; en dat sy herinnering van die gebeure van die betrokke dag swak was. Sy aanvanklike

getuienis

getuienis het die appellant probeer goedpraat deur te sê

dat hy toe gemeen het dat indien die Hof sou glo dat hy op

die betrokke dag slegs matig dronk was die Hof dan groter

waarde aan sy getuienis omtrent die gebeure van daardie dag

sou heg.

Die verhoorhof het tot die slotsom geraak dat

die appellant se verklaring vir sy frontverandering

onwaar=

skynlik en onaanvaarbaar was. Vervolgens het die Hof a
quo

in sy uitspraak mbt versagtinge omstandighede gesê:

(A) "Ons moet dus objektief oordeel oor al die getuienis voor die Hof oor sy toestand van beskonkenheid ten tye van die

pleging

van die misdryf en dit is inderdaad nog
ons

opinie en ons sienswyse dat toe hy die
misdad gepleeg het, hy onder die
invloed

van drank was. Tot welke mate is ons
nog

steeds nie heeltemal seker nie, maar
wat

wel egter vasstaan vir ons en wat op al
die getuienis op die waarskynlikhede
vir

ons voorkom vanweë feite wat ek ook
vroeër in my uitspraak genoem het, was
die beskuldigde nie tot so 'n mate
dronk

toe

toe hy die misdaad gepleeg het nie, dat hy nie goed geweet het wat hy doen nie, en was hy inderdaad in ons oordeel in staat om duidelik die verkeerdheid van sy optrede te beseef."

Met verwysing na die rol van beskonkenheid in die algemeen as moontlike versagtende omstandigheid het die verhoorhof verder opgemerk:-

- (B) "Ek het reeds daarop gewys dat daar in ons oordeel geen uitlokking bestaan het wat die beskuldigde emosioneel kon beweeg om die man te steek nie. Drank alleen laat nie 'n mens 'n ander doodsteek nie. Indien daar enige aanduiding was dat vanweë enige vorm van provokasie of ander omstandighede wat die beskuldigde emosioneel beweeg het tot die uittrek en die aanwending van die mes, dan sou ek geredelik die beskuldigde se mate van beskonkenheid as 'n versagtende faktor kon sien. In daardie sin sou ek kon sê dat sy drankiname sy optrede minder laakbaar gemaak het. Soos ek reeds gesê het, bestaan daar egter nie sulke addisionele faktore wat die drank toegelaat het om 'n rol te speel om sy oordeel te bewolk nie en gevolglik vind ons dat daar geen versagtende omstandighede bestaan nie."

In

In die loop van 'n weldeurdagte betoog het
mnr Majiedt namens die appellant aangevoer dat die
passasie
in die uitspraak hierbo aangehaal wat ek as "(A)" gemerk
het aantoon dat daar by die Verhoorhof begripsverwarring
bestaan het. In hierdie verband het die advokaat
benadruk
dat terwyl dieselfde faktore (soos bv die uitwerking op
'n
beskuldigde van sterk drank) by albei ter sprake mag
kom,
daar 'n wesenlike verskil bestaan tussen die ondersoek
na
bewys van die ten laste gelegde misdaad enersyds en
andersyds
die ondersoek na die bestaan van moontlike versagtende
omstandighede. By eersgenoemde gaan dit om die vraag of
die beskuldigde ontoerekeningsvatbaar dronk was. By
laasgenoemde staan die beskuldigde se

toerekeningsvatbaarheid

en sy juridiese skuld reeds vas, en gaan dit bloot om

die

moontlikheid van 'n mindere verwytbbaarheid. Kyk:

S v Theron 1984(2) 868 (A) op 880 A/F. By die bewys van

mindere verwytbbaarheid geld gans ander oorwegings as by

die

die bewys van die skuld self. Kyk: S v Ndhlovu (1)

1965 (4) SA 688 (A) op 691 A/C; S v Mula 1975 (3) SA 208 (A).

Ofskoon die gewraakte passasie ten minste vatbaar is vir die vertolking wat die advokaat daaraan toedig, vind ek dit

onnodig om enige vaste mening in verband daarmee uit te spreek omdat na my oordeel die Verhoorhof in die tweede passasie hierby aangehaal en as "(B)" gemerk 'n mistasting

begaan het deur te aanvaar dat beskonkenheid

alleenstaande

nooit h versagtende omstandigheid kan daarstel nie; en dat

dit slegs strafversagtend bygehaal mag word indien dit wedersyds inwerk met een of ander gemoedsbeweging (soos bv provokasie of gramskap). h Versagtende omstandigheid is h feit of feite wat op die geestesvermoëns van die moordenaar betrekking het en waardeur sy verwytbaarheid

ten opsigte van sy slagoffer se dood, na die oordeel van

h

redelike persoon, verminder word. Geen formele omskrywing

van

van "versagtende omstandighede" kom voor in art 277(2)
van
die Strafproseswet 51 van 1977; en uiteraard is dit 'n
begrip wat hom nie tot omvattende formulering leen nie.
Vgl. S v Petrus 1969 (4) SA 86 (A) op 93H/94A. In ons
strafpraktyk is dit alombekend dat een van die feite wat
op die beskuldigde se geestesvermoëns betrekking kan hê
sy besopenheid tydens die pleging van die misdaad is.
Vanselfsprekend moet 'n beskuldigde se besopenheid in
same=
sluiting met al die ander relevante omstandighede van
die
misdad opgeweeg word. Maar dit beteken immers nie
dat 'n gevorderde graad van beskonkenheid op sigself
nooit
versagtende omstandighede kan daarstel nie. Die
Verhoorhof
se vooropstelling dat daar noodwendig 'n wisselwerking
moet

wees tussen besopenheid en een of ander

gemoedsaandoening

(soos bv provokasie of gramskap) alvorens besopenheid as
versagtende omstandigheid aangemerkt kan word, is, so

meen

ek, logies onhoudbaar en juridies onsuiwer.

Uit

Uit hoofde van die voorgaande staan dit hierdie Hof vry om in verband met die bestaan van moontlike versag=
tende omstandighede sy eie oordeel te vel.

Mnr Cilliers, wat namens die Staat die appël beredeneer het, het met byhaling van hierdie Afdeling se beslissing in S v Namane 1977(4) SA 240 (A) betoog dat omdat die appellant deurentyd met sy alibi-verweer volhard het en verder ook 'n ongeloofwaardige getuie was, dit nie moontlik is om vas te stel tot watter mate die appellant by pleging van die misdaad onder die invloed van drank was nie. Na my oordeel kan hierdie argument nie opgaan nie. Dit is so dat die appellant geblyk het 'n deurtrapte leuenaar te wees.

Dit

bring mee dat waar sy getuienis oor 'n bepaalde
aangeleentheid

alleen en sonder bevestiging staan, daarop nie
peilgetrek

kan word nie. Vir die appellant se bewering, toe hy by
die tweede geleentheid getuig het, dat hy op die
betrokke

tyd baie dronk was, bestaan daar egter uit ander bronne

klinkklare

14.

klinkklare bevestiging. Nagel en Pearson het getuig dat

die appellant opsigtelik besope was. Volgens Nagel was die appellant dermate dronk dat sy spraakvermoë aangetas

is. Nagel en Pearson sê albei dat die appellant se gang die van 'n besope mens was. Uit die uitspraak wat die Verhoorhof by skuldigbevinding gelewer het, blyk dit dat hy

Nagel as 'n uitmuntende getuie beskou het. Op die Verhoorhof het Nagel "'n baie goeie indruk gemaak" en hy

het "op 'n duidelike, logiese en samehangende wyse sy verhaal

vertel sonder omhaal van woorde." Pearson se deug as getuie het die Verhoorhof insgelyks hoog aangeslaan. Sy het haar getuienis "op 'n baie bevredigende wyse afgelê."

Vir die appellant se gruwelike aanval op die oorledene
blyk
daar uit die aangevoerde getuienis geen rede hoegenaamd
te
gewees het nie. Met inagneming van al die getuienis,
maar in besonder die getuienis van Nagel en Pearson,
dui
die waarskynlikhede na my mening op 'n gevolgtrekking
dat

die

15.

die appellant se verstand dermate beneweld was dat sy oordeelsvermoë en verantwoordelikeidsin wesenlik daardeur

aangetas is. Na my oordeel het die appellant hom van die bewyslas gekwyt en regverdig die getuienis deur die Verhoorhof

aangehoor 'n bevinding dat die versteuring van die appellant

se geestesvermoëns weens drankmisbruik versagtende omstandig=

hede daarstel.

In al die omstandighede meen ek verder dat hierdie 'n geval is waar die uiterste vonnis vermy behoort te word; en dat 'n swaar vonnis van gevangenisstraf meer gepas sal wees. Onder die appellant se jongste vorige veroordelings is daar drie weens aanranding met die opset om ernstig te beseer. Ter beskerming van die gemeenskap

moet die termyn van sy gevangesetting lank wees.

Die appèl slaag. Die Verhoorhof se bevinding
dat daar geen versagtende omstandighede aanwesig was nie
word

16.

word ter syde gestel en vervang deur 'n bevinding van
moord

met versagtende omstandighede. Die doodvonnis wat
opgelê

is, word ter syde gestel en vervang deur 'n vonnis van
twaalf jaar gevangenisstraf.

G G HOEXTER, AR

TRENGOVE, AR)
stem saam
HEFER, AR)

ANITA ABRAHAMS

en

DIE STAAT

Saaknommer

96/85

mp

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPÉLAFDELING)

In die saak tussen:

ANITA ABRAHAMS

Appellant

en

DIE STAAT

Respondent

CORAM: HOEXTER, BOTHA et GROSSKOPF, ARR.

VERHOOR: 7 November 1985

GELEWER: 26 November 1985

UITSpraak

HOEXTER, AR
2.

HOEXTER, AR,

Dit is 'n appèl teen 'n vonnis in 'n
strafsaak.

In die streekhof te Johannesburg was die appellante een
van drie mede-beskuldigdes wat op 'n aanklag van
diefstal

van R70 400, op 26 April 1983 gepleeg, tereggestaan
het.

Ten tye van die verhoor was die appellante 22 jaar oud
en

die moeder van 'n jong kind. Haar twee mede-

beskuldigdes was

manspersone, Swartz en Lekoma, wat onderskeidelik 20

jaar

en 34 jaar oud was. By die verhoor het al drie

beskuldig=

des skuldig gepleit en elkeen is soos aangekla skuldig

bevind. Die verhoorhof het die appellante 'n vonnis van

ses jaar gevangenisstraf opgelê. Swartz en Lekoma is

tot

vyf en sewe jaar gevangenisstraf respektiewelik

gevonnis.

Teen voormelde vonnisse het die drie beskuldigdes

sonder

welslae na die Transvaalse Provinsiale Afdeling ge-

appelleer.

As gevolg van 'n versoekskrif wat sy aan die HOOFREGTER

gerig het, het hierdie Afdeling verlot om teen haar

vonnis

te

te appelleer aan die appellante verleen.

Die wesenlike feite is die volgende. Na haar skoolopleiding wou die appellante haar as maatskaplike werkster bekwaam en het sy twee jaar aan die Universiteit van Wes-Kaapland studeer. Weens geldnood enersyds en haar swangerskap andersyds het sy haar studies gestaak en in Johannesburg werk gekry. Daar bestaan 'n verhouding tussen die appellante en Swartz, en laasgenoemde is die vader van haar kleuter. Die appellante en haar kind en Swartz het by Swartz se moeder in Johannesburg ingewoon, alwaar Lekoma en sy gesin ook loseerders was. Die appellante het by die Norwoordtak van 'n bank as teller gewerk. Na die betrokke

tak sal geriefshalwe as "die bank" verwys word. Swartz

is

'n elektrisiën en Lekoma is 'n sweiser. Aan huis van

Swartz

se moeder het die drie beskuldigdes saamgekonkel om,

deur

die skyn van 'n bankroof te wek, geld van die bank te

steel.

Die plan was dat Lekoma en die appellante die

sleutelrolle

sou

4.

sou vertolk. Lekoma sou met 'n tas na die appellante

se

toonbank by die bank gaan waar hy as kamtige bankrower

'n

briefie met die onheilspellende woorde -

"Beware or I shoot, hand over all paper
money"

aan die appellante sou voorlê, waarop sy dan banknote
aan

Lekoma sou oorhandig. Lekoma sou die geld in die tas
plaas

en vinnig spore maak met die buit wat die drie
beskuldigdes

daarna gelykop sou deel.

Uitvoering van die plan het egter
skeefgeloop.

Soos afgespreek het Lekoma sy opwagting by die
appellante

se toonbank gemaak, en is die briefie bevattende die
dreigement en die banknote verwissel. Lekoma het die
bank

met die gesteelde geld in die tas verlaat en, om die
bank

se verlies te verklaar, is die appellante in aller yl
met

die briefie na die bankbestuurderes. Die appellante se

relaas is nie sonder meer aanvaar nie. Die petalje by

die

5
.

'die toonbank het hom afgespeel ten aanskoue van 'n man wat agter Lekoma gestaan het om sy beurt by die appellante se toonbank af te wag. Vir hierdie waarnemer van die gesimuleerde roof was die appellante se toneelspelery onoortuigend;

en hy het sy bedenkinge gelug. By aankoms van die polisie het die appellante aanvanklik met haar storie van die bankrower volhard, maar kort daarna het sy besin en alles bely. Die polisie het snel toegeslaan en Lekoma het hulle geneem na die plek waar hy die tas met die gesteelde geld versteek het. In die verbygaan noem ek dat die getuienis van die ondersoekbeampte 'n suggestie bevat dat die geld in die tas toe R6 413 minder was as R70 400, maar geen toelaat=

bare getuienis met betrekking tot die presiese bedrag geld in die tas gevind, is aangevoer nie. Dit is verder

gemeensaak dat indien daar enige tekort was die appellante nie die verwyte daarvan gemaak kan word nie.

Na

6.

Na skuldigbevinding het elkeen van die drie beskuldigdes ter strafversagting getuig. Volgens die appellante en Swartz het die gedagte om die bank te besteel by Lekoma ontstaan. Omdat die appellante en Swartz huiwerig was, aldus hul getuienis, het Lekoma hulle na 'n waarsêer geneem. Laasgenoemde het aangedui dat die voorgestelde ' onderneming veel belooft as gevolg waarvan die beskuldigdes besluit het om daarmee aan te gaan. In sy getuienis het Lekoma toegegee dat die waarsêer geraadpleeg is maar hy het volgehou dat die hele idee van die diefstal van die appellante afkomstig was.

Rakende hierdie botsende bewerings was dit vir die verhoorhof nie moontlik om uitsluitend te gee oor die vraag wie die werklike aanvoerder van die misdaad was nie.

By vonnisoorweging het die streeklanddros genoem dat geeneen van die drie beskuldigdes in die getuiebank n swak figuur geslaan het nie, en daarby gevoeg dat 'n beoordeling van die waarskynlikhede

8.

hom toevertrou is nie redelik uitgeoefen het nie.

Dat die appellante die verwyte van 'n ernstige misdaad dra en dat sy swaar gestraf moet word, val nie te betwyfel nie. Eweneens is die omvang van haar vergryp sodanig dat gevangenisstraf as die enigste gepaste straf beskou moet word. Daarenteen moet as 'n gemeenplaas aanvaar word dat in die geval van 'n eerste oortreder die hof sover moontlik 'n straf sal nastreef wat die veroordeelde nie verpletter nie; en wat eerder sal dien as 'n aansporing

om 'n tweede botsing met die gereg te vermy. In die onderhawige geval gaan dit om h eerste oortreder wat betreklik jonk is en 'n persoon wat verder - haar redelike

opvoedingspeil ten spyt - ietwat naïef en onvolwasse is.

Daarvan getuig haar liggelowige aanvaarding van die dolos=

gooier se strelende voorspellings. Verder moet ter versagting in die weegskaal gewerp word die belangrike faktor dat die appellante die moeder is van 'n jong kind wat

as

9.

as gevolg van die strafszaak nou die versorging van albei sy ouers moet ontbeer. In hierdie hele situasie, so meen ek, was die verhoorhof daartoe geroepe om die wenslikheid van voorwaardelike opskorting van 'n gedeelte van die appellante se gevangenisstraf noukeurig te oorweeg. Met inagneming van al die omstandighede van die geval sou, na my beskeie

oordeel,voorwaardelike opskorting van die helfte van die termyn van ses jaar gevangenisstraf 'n billike en gepaste vonnis wees. Tussen die gewraakte vonnis en dié wat hierdie Hof as verhoorhof sou opgelê het, bestaan daar bygevolg 'n steurende ongelykheid. Dit bring mee dat hierdie Hof regtens verplig is om met die opgelegde vonnis in te gryp.

Die appèl slaag. Die vonnis deur die verhoorhoof opgelê word gewysig om soos volg te lees:-

"Gevangenisstraf
10.

"Gevangenisstraf vir ses jaar waarvan drie jaar vir 'n tydperk van vyf jaar opgeskort word op voorwaarde dat sy nie skuldig bevind word nie aan bedrog of diefstal, of aan 'n misdad waarvan 'n skuldigbevinding op 'n aanklag van diefstal geoorloof is, en ten opsigte waarvan onopgeskorte gevangenisstraf as vonnis opgelê word, binne die tydperk van opskorting gepleeg."

G G HOEXTER, AR

BOTHA, AR)

GROSSKOPF, AR) Stem saam